Woensdag **24 Januarie**

**Skrifgedeelte: Esegiël 16:1-6**

**Fokusgedeelte: Esegiël 16:6 (AFR 33/53; AFR83; AFR2020)**

**God gee Homself vir jou sodat jy kan leef**

Die HERE gee vir ons die boek Esegiël om ons te bemoedig wanneer ons ons in moeilike omstandighede bevind. Hierdie moeilike omstandighede is nie al die moeilikhede soos ons kragkrisis en ons deurmekaar politike en ekonomiese omstandighede nie. Dit gaan hier oor jou verhouding met God. Hoe lyk jou persoonlike verhouding met God? Ons Drie-Enige God (Vader, Seun en Heilige Gees) praat met ons in Esegiël sodat ons Hom beter kan leer ken.

Die HERE wil ons tot die besef bring dat Hy die enigste ware God is en dat die dinge wat in jou lewe gebeur, is omdat Hy dit so wil en Hy doen dit sodat jy kan weet dat jy die sin van jou lewe sal vind in ’n lewende verhouding met Hom.

In ons teksgedeelte gebruik die profeet ’n skokkende metafoor van ’n pasgebore babatjie wat in die veld weggegooi word. Die kind se pa was ’n Amoriet en haar ma ’n Hetiet en so beklemtoon hy die heidense oorsprong van die kind. Hierin word ons opnuut weer herinner dat ons in sonde ontvang en gebore is.

Ons het geen aanspraak om enigeiets van God te verwag nie, maar tog ontferm die HERE Hom oor ons. Ons is soos daardie babatjie wat daar in die veld weggegooi is, ook besig om in die bloed van ons in sondegevallenheid te lê. As God nie ingryp nie, sal ons in sonde sterf net so seker as wat daardie weggooibabatjie in die veld sal sterf as niemand haar help nie.

Maar God is daar en Hy sê: “Bly leef!” God gee Homself vir jou. Hy het sy Seun gestuur om die vloek van die sonde te kom dra sodat jy kan lef. Glo jy dit? Wees getroos in die wete dat God Homself vir jou gee sodat jy kan leef!

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)*